## TWEE GESLAAGDE KONFERENSIES

Met die gewaardeerde samewerking van die Kaaplandse Onderwysdepartement en onder beskerming van die Universiteit van Stellenbosch, was die Kaapstadse tak van die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika* verantwoordelik vir die organisasie van 'n baie geslaagde Geskiedeniskonferensie wat op 10 en 11 April 1964 te Stellenbosch gehou is.

In die Cillié-saal in die Opvoedkundegebou, het nagenoeg tweehonderd geskiedenis-onderwysers, inspekteurs van Onderwys, skoolhoofde en ander belangstellendes hulle nie alleen verlustig in 'n aantal hoogstaande en insiggewende referate nie, maar ook geesdriftig deelgeneem aan die besprekinge rakende die posisie van Geskiedenis as skoolvak.

Twee lede van die hoofbestuur van die *Historiese Genootskap* t.w. dr. J. J. van Tonder, die voorsitter, en mnr. J. H. Dippenaar, die penningmeester, het die konferensie ook bygewoon.

Die besluite wat op die konferensie geneem is en waarin vir die *Historiese Genootskap* en vir almal wat in Geskiedenis belangstel, nuwe take uitgestippel word, word elders in hierdie uitgawe van *Historia* gepubliseer.

Die amptelike opening van die konferensie is deur prof. dr. H. B. Thom, rektor van die Universiteit van Stellenbosch en bekende historikus, waargeneem. Sy belangwekkende openingsrede waarin hy 'n sterk saak uitmaak dat Geskiedenis 'n verpligte matrikulasievak moet wees, word ewe-eens elders in hierdie uitgawe van *Historia* gepubliseer. Benewens hierdie belangrike rede, is ook nog die volgende referate voor die konferensie gehou:

Prof. dr. W. J. de Kock: Die Wese van die Geskiedenis — 'n saaklike uiteensetting.

Prof. dr. G. J. J. Smit: Die Leerplanne in Geskiedenis.

Prof. dr. P. S. du Toit: 'n Ontleding van die Posisie van Geskiedenis as Skoolvak oor die afgelope Dekade.

Prof. dr. J. F. A. Swartz: Belewing in die Geskiedenisonderwys.

Mnr. E. H. W. Lategan: Die Klaskamerprobleme van die Geskiedenis-onderrig.

Vir sover die redaksie in besit van hierdie referate gestel is, word dit ook in hierdie uitgawe van ons tydskrif afgedruk.

Op 5 en 6 Junie 1964 het die departement van Geskiedenis aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat in medewerking met die O.V.S.O.V. 'n vakkonferensie op Bloemfontein gehou toe *Die onderrig van Geskiedenis* as sentrale tema gekies is. By hierdie geleentheid is die volgende referate gelewer:

Dr. M. C. E. van Schoor: Die Werkstuk-gedagte — 'n Sukses of Mislukking?

Mnr. A. P. J. van Rensburg: Die Probleem van Evaluering van Eksaminering by Geskiedenisonderrig.

Mnr. K. J. Pienaar: Middele en Weë om Geskiedenis as Skoolvak in ere te herstel.

Die konferensie is gereël ten einde geskiedenis-onderwysers in die geleentheid te stel om vrylik menings te wissel oor probleme wat hulle in verband met die onderrig van die vak ondervind. Ruimskoots geleentheid is derhalwe gebied om elkeen van bogenoemde referate te bespreek. Daarbenewens het 'n ongedwonge gedagtewisseling plaasgevind oor die huidige O.V.S.-leerplan in Geskiedenis en is 'n debat gevoer waarin mnr. J. J. Bester as inleier opgetree het en 'n pleidooi gelewer het vir die behoud van huidige onderrigsmetodes. Prof. dr. J. J. Oberholster het daarteenoor 'n pleidooi gelewer vir 'n vernuwing van onderrigsmetodes.

Dit word in vooruitsig gestel om al hierdie referate gelyktydig in die Desember-uitgawe van *Historia* te publiseer.

*Aankondiging*

Die Jaarvergadering van die Transvaalse afdeling van die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika* word op 18 en 19 September 1964 in die saal van die Hoërskool Dr. D. F. Malan op Meyerton gehou. Mnr. A. J. Koen, Direkteur van Onderwys in Transvaal, sal die Jaarvergadering op Vrydagaand, die 18de September, toespreek terwyl dr. G. D. Scholtz, hoofredakteur van *Die Transvaler*, op Saterdagoggend, die 19de September, 'n belangrike onderwerp oor Geskiedenis in die moderne tyd sal behandel. Aspekte van die onderrig van Geskiedenis op laer- en hoërskole, onderwyskolleges en universiteite sal ook behandel en bespreek word.

'n Vriendelike uitnodiging word tot alle belangstellendes gerig om die belangrike Jaarvergadering by te woon.

Op Saterdag, 12 September 1964, vind 'n vergadering van die Federale Hoofbestuur van die Genootskap op Bloemfontein plaas.